

1 Junie - INSETTING

Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:1-5

Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:3

'N INSETTING is iets wat vasgestel is. Ons kan dit ook 'n verordening, 'n bepaling, 'n gebod of 'n wet noem. Die bekendste insettinge wat ons in die Bybel vind, is die Tien Gebooie. Hoekom het die Here insettinge gegee?

Eienskappe van ouers word dikwels in hulle kinders weerkaats. As jy jouself 'n kind van God noem, moet iets van Hom in jou lewe weerkaats. Eienskappe van God is lig (vgl. 1 Joh 1:5) en liefde (vgl. 1 Joh 4:16). Na die sondeval het ons die vermoë verloor om God se lig en liefde in ons lewens te weerkaats. Inderwaarheid weet ons nie meer uit onself hoe die lig en liefde van ons hemelse Vader lyk nie. Uit onself is ons nie sy kinders nie.

Genadiglik het die God wat liefde is, sy Seun na die wêreld gestuur. Deur sy dood en opstanding is ons almal wat in Hom as ons Redder glo, as kinders van die hemelse Vader aangeneem.

Nou moet ons sy lig en liefde begin weerkaats. Deur sy insettinge (sy gebooie) gee Hy ons die lig om sy liefde op die volle spektrum van ons lewens te kan uitleef.

Johannes leer ons dat dit nie moeilik is om sy gebooie (insettinge) te gehoorsaam nie. Ons moet dit soos volg verstaan: dit is nie altyd maklik om jou deur die Here se insettinge te laat bind nie. Dit is baie makliker om sonde te doen. Tog, besef jy die gevolge van jou sonde, besef jy die waarde daarvan om binne die grense van God se insettinge te lewe, bid jy vir die leiding van die Heilige Gees, dan raak dit maklik om sy insettinge te gehoorsaam. Dan besef jy sy insettinge is daar sodat jy regtig as sy kind kan lewe wat sy lig en liefde weerspieël.

Sing: Psalm 119:39, 48 (1936-beryming)

Dr JA Erasmus (Odendaalsrus)